# SWART PROTES VERSUS WIT TEENSTAND: DIE POLITIEK VAN REGSE BLANKE VRESE, 1982-1987

**Derek du Bruyn**[1] **en André Wessels**[2]

***Summary***

*In this article the interaction between black protest politics and white resistance is discussed by tracing the history of the politics of fear in right-wing quarters in South Africa in the years 1982 to 1987. In 1982 the founding of the Conservative Party (CP) under Dr Andries Treurnicht heralded a new era in white politics in South Africa, and five years later the CP became the official opposition in the white Parliament. In-between there was a referendum in 1983 on the Tricameral Parliament; a new constitution was adopted; there was an increase in the number of acts of terror committed by Umkhonto weSizwe (the armed wing of the African National Congress), and mass action by the United Democratic Front. More and more whites withdrew to the "laager"; their politics became even more reactionary, and their society more militarised. The National Party, the CP and the Herstigte Nasionale Party propaganda exploited white fears, but for different reasons. The politics of fear indeed reigned supreme in these years.*

## 1. INLEIDING

Die stigting van die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika (KP) op 20 Maart 1982 het Suid-Afrika se wit politieke landskap aansienlik verander. Tot nog toe was die Herstigte Nasionale Party (HNP), wat reeds in 1969 gestig is, die enigste volwaardige regse[3] politieke party, saam met die buite-parlementêre Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), wat besig was om onder ver-regses opgang te maak. Die AWB het egter nie, soos die HNP, aan verkiesings deelgeneem nie. Verwikkelinge in die plaaslike swart politiek gedurende die sewentigerjare, sowel as gebeure in Afrika, waaronder die oorname van 'n swart meerderheidsregering in Rhodesië (vandag Zimbabwe) in 1980, het blanke politieke sentiment na regs gedwing. Die argument dat die gekombineerde uitwerking van interne en eksterne gebeure kumulatief-versterkend op bepaalde politieke houdings inwerk – in hierdie geval 'n regse politieke houding – is hier van toepassing. Daar word geredeneer dat sodanige gebeure vrees aanwakker en wel in die mate waartoe dit mense beweeg om hul heil by regse politieke partye

1 Dr. D du Bruyn, Navorsingsgenoot, departement geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat en tans verbonde aan die Nasionale Museum, Bloemfontein. E-posadres: derek@nasmus.co.za

2 Senior professor, departement geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-posadres: wesselsa@ufs.ac.za. Hy is ook 'n besoekende genoot, University of New South Wales at the Australian Defence Force Academy (UNSW@ADFA), Canberra, Australië.

3 Die term "regs" dui op 'n politieke houding wat beskryf kan word as in wese konserwatief en regs van die middelpunt op die politieke spektrum.

en groeperinge te gaan soek. Binne die konteks van blanke politiek en spesifiek regse blanke politiek, word vrees gedefinieer as die vrees vir ’n swart magsoorname en meerderheidsregering en die gevolge wat dit vir blankes sou inhou.[4]

Die eerste teken van groeiende regse steun was die onverwagse goeie vertoning van die HNP in die algemene verkiesing van 1981. Dié party het 14% van die stemtotaal op hom verenig en het dus ’n aansienlike getal stemme van die Nasionale Party (NP) weggerokkel. Sedertdien het die steun vir regse partye en groepe toegeneem, en wel in so ’n mate dat die regse stem ’n bedreiging vir die NP begin word het. Groeiende steun vir die regse politiek hang nou saam met vreesgedrewe politieke gedrag en in hierdie studie word gekyk na die ontwikkeling van die sogenaamde “regse lyn” en die “vreeslyn” in die tagtigerjare, veral sedert die stigting van die KP. Die regse lyn en die vreeslyn loop parallel met mekaar en die argument is dat beide oor dekades heen bygedra het tot die versterking van ’n regse politieke houding onder blanke kiesers.[5] Die tagtigerjare staan in die teken van groter vloeibaarheid in die blanke politiek en regse partye soos die KP kon dit tot hul voordeel uitbuit. Die sogenaamde “politiek van vrees”,[6] ’n term wat onder meer verwys na die doelbewuste benutting van vrees as politieke faktor ter bereiking van sekere doelwitte, is ook hier ter sprake. ’n Kombinasie van groeiende interne swart opstand en eksterne druk het nie net ’n teelaarde geskep vir reaksionêre sentimente om te gedy nie, maar ook ’n ontvanklike gehoor vir regse propaganda geskep. Onder hierdie omstandighede het die “politiek van vrees”, en meer spesifiek die “politiek van regse vrees”, ’n faktor geword wat meer as ooit tevore die plaaslike politiek beïnvloed het.

Kwessies wat in hierdie studie aangespreek word, sluit in: Het vrees ’n rol gespeel in die uitslag van die referendum van November 1983? In watter mate was groeiende regse sentiment in die tagtigerjare ’n direkte reaksie op die 1983-grondwet? Het toenemende buitelandse druk op Suid-Afrika enigsins ’n rol gespeel in die versterking van regse sentiment? In hoe ’n mate het politieke gebeure binne en buite Suid-Afrika ook partye soos die NP en die Progressiewe Federale Party (PFP) na regs gedwing? Wat was die redes vir die KP se goeie vertoning in die algemene verkiesing van 1987? In watter mate is blanke vrese uitgebuit – nie net deur regse politici nie, maar ook deur die NP? Ten einde antwoorde op hierdie en ander vrae te verskaf, is dit nodig om verwikkelinge in die regse politiek te plaas teen die agtergrond van veral staatspresident

4 PJ Hugo en H Kotzé, *Suid-Afrika oorlewing in politieke perspektief* (Kaapstad, 1987), p. 12; Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991. Sien ook D du Bruyn en A Wessels, “Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika: die tweede fase van die era van volwaardige regse politieke partye, 1976-1982”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 34(3), Desember 2009, pp. 91-110.

5 Vir meer oor die historiese ontwikkeling van die “regse lyn” en die “vreeslyn” sien D du Bruyn en A Wessels, “Op weg na die politieke draaipunt van 1948: drie eeue van vrees as faktor in die geskiedenis van Suid-Afrika”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 34(2), Junie 2009, pp. 62-85.

6 Du Bruyn en Wessels, “Op weg na…”, p. 81.

PW Botha se konstitusionele hervormings wat sou kulmineer in die 1983-grondwet. Hierdie inisiatief het in ’n groot mate as stimulus gedien vir die aksie-reaksie politiek[7] wat die tagtigerjare sou kenmerk, naamlik swart protes versus wit teenstand.

## 2. MAGSDELING OF MAGSOORHEERSING? REGSE TEENSTAND TEEN DIE 1983-GRONDWET

Die eerste toets vir die KP se werklike steun op grondvlak was in Mei 1983 met die sogenaamde “stryd-van-die-berge”-tussenverkiesings in die Noord-Transvaalse kiesafdelings Soutpansberg en Waterberg. Hoewel die feit dat beide kiesafdelings nie net tradisioneel konserwatiewe setels was nie, maar die kiesers weens toenemende terreur-bedrywighede vanuit die buurstate alreeds na regs in hul politieke denke geneig het, in die KP se guns getel het, was die uitslae steeds verrassend. Die KP-kandidaat in Soutpansberg het naelskraap verloor, maar Andries Treurnicht het in Waterberg oortuigend gewen. Met hierdie vertonings het die KP nie net die NP se aanspraak op ’n onaantasbare steunbasis bevraagteken nie, maar eweneens die HNP, wat ook aan die verkiesings deelgeneem het, tot ’n randparty rangeer. Duidelik het die KP opgang ten koste van gevestigde partye gemaak – ’n tendens wat veral die NP se steunbasis bedreig het.[8]

Die finale goedkeuring op 9 September 1983 van die Ontwerpgrondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 110 van 1983)[9] ter vervanging van die uitgediende Westminster-stelsel deur ’n sogenaamde driekamerstelsel, kan om hoofsaaklik twee redes as ’n politieke waterskeiding in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou word. Eerstens was dit ’n waterskeiding, aangesien anderskleuriges vir die eerste keer sedert die vyftigerjare op ’n beperkte skaal politieke mag met blankes kon deel, en tweedens was dit ook ’n waterskeiding ten opsigte van die mate waartoe die NP sedertdien gekonfronteer sou word met ongekende protes van nie net die swart linkerspektrum nie, maar bowenal van regse blanke kant. Terwyl regse teenstand reeds ’n aanvang geneem het tydens die referendum wat in November 1983 gehou is om blankes se mening rakende die voorgestelde driekamerstelsel te toets, sou swart weerstand veral daarna intensifiseer.[10]

---

7 J-A Stemmet, *Apartheid under siege, 1984-1988 actions and reactions* (D. Phil., Universiteit van die Vrystaat, 2002), pp. i-ii. Stemmet verwys o.m. na die “continual interplay between action and reaction” in die politiek.

8 JJ Swanepoel, *Die stryd van die berge die tussenverkiesings in Soutpansberg, Waterberg, Waterkloof en Carletonville, Mei 1983* (INEG publikasiereeks: C-reeks, Bloemfontein, 1984), pp. 714-720; A Venter (red.), *South African government and politics* (Johannesburg, 1989), p. 17; *Die Burger*, 12 Mei 1983, pp. 1-3; *The Citizen*, 12 Mei 1983, pp. 1-4; *Beeld*, 12 Mei 1983, pp. 1-2.

9 Republiek van Suid-Afrika, *Staatskoerant* 219 (8914), 28 September 1983 (Kaapstad, 1983), pp. 1-79.

10 J Paton, *The land and people of South Africa* (New York, 1990), p. 219; J van Rooyen, *Hard right the new white power in South Africa* (Londen, 1994), pp. 122-123.

Soos wat die geval was met die NP-skeuring van 1982, was die uiteindelike insluiting van die deurslaggewende magsdelingklousule in die 1983-grondwet die wortel van regses se teenstand teen die nuwe driekamerbedeling. Die vrees vir die gevolge van ’n toestand waar, in die woorde van Treurnicht, “verteenwoordigers van ander volke mede-regeerders oor die blankes word”[11] en in die proses “verloor wat joune is”[12] en “vernietig of oorrompel kan word”,[13] was oorheersend. Volgens Treurnicht sou so ’n situasie nie net lei tot die “uitverkoop van blankes aan swartes”[14] nie, maar tot die uiteindelike “politieke selfmoord van die blankes”.[15] Soos die ander regse leiers het Treurnicht magsdeling as politieke selfmoord gesien en hy het tydens ’n parlementêre debat op 8 September 1983 verwys na die 1983-grondwet se “noodlottige implikasies vir die selfbeskikking van blankes”.[16] Ander regse organisasies, waaronder Die Vereniging van Oranjewerkers, het Treurnicht se kommer gedeel en dit duidelik gestel dat hulle nie wil hê dat “die blanke en die Afrikaner by name sy soewereine selfbeskikking verloor nie”[17] en gewaarsku dat “’n verstrengeling van volke loop onafwendbaar op ’n katastrofe uit”.[18] Die historikus FA van Jaarsveld het hierdie vrese in regse geledere beskryf as “’n vrees vir ondergang, ’n vrees vir oorrompeling en oordondering”.[19]

Dit was dus nie net die tradisionele identiteitstipe-vrese nie, maar ook oorlewingsvrese wat regse propaganda ten gunste van ’n nee-stem in die referendum gekleur het. Daar moet egter terselfdertyd daarop gelet word dat vrees nie net in die nee-veldtog ’n rol gespeel het nie, maar ook in die ja-veldtog. Dit het veral duidelik geblyk toe PW Botha in reaksie op die African National Congress (ANC) en ander linkse groeperinge se oproep om ’n nee-stem uit protes teen die uitsluiting van swartes van die nuwe bedeling, blankes gewaarsku het dat “hulle moet besluit of hulle op 2 November in die geselskap van die ANC wil wees”.[20] Slegs ’n ja-stem sou volgens Botha so ’n katastrofe verhoed, gevolglik kan ’n verklaring van die oorweldigende meerderheid wat die ja-stem (1 360 000 = 66%) teenoor die nee-stem (691 000 = 34%) behaal het, nie die rol wat vrees in die beïnvloeding van kiesersentiment gespeel het, buite rekening laat nie. Die persentasie nee-stemme weerspieël ook nie die ware steun wat die KP toe reeds op grondvlak geniet het nie, want vrees het baie regse blankes beweeg om “ja” te stem. In die lig hiervan wil dit

11 *Die Patriot* 2(8), 9 September 1983, p. 1.
12 Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992.
13 *Ibid*.
14 *Die Patriot* 2(8), 9 September 1983, p. 1.
15 *Die Volksblad*, 23 September 1983, p. 4.
16 Republiek van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad* 108, 27 Junie - 9 September 1983 (Kaapstad, 1983), kol. 13815-13818.
17 *Die Oranjewerkers doel en grondslag* (pamflet, Pretoria, *s.a.*), p. 2.
18 *Ibid*.
19 Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.
20 *Beeld*, 1 November 1983, p. 1.

voorkom of die vreesfaktor as 'n onafhanklike veranderlike homself in 'n groter mate in die 1983-referendum laat geld het, as wat algemeen aanvaar word.[21]

Een van die belangrikste onmiddellike uitvloeisels van regse weersin in die nuwe grondwetlike bedeling was die stigting van die Afrikaner-Volkswag (AV) as 'n kultuurorganisasie wat alle eendersdenkende (lees: regse) Afrikaners onder een dak wou saamvoeg. Volgens prof. Carel Boshoff, een van die AV se stigterslede, is die organisasie gestig omdat "die kultuur van die Afrikaner-volk in 'n krisis geraak het"[22] en volgens sy vrou, Anna Boshoff, daar "op die Afrikaner-kultuur beslag gelê is".[23] Die stigting van die AV op 5 Mei 1984 is egter verhaas deur die stryd wat na die skeuring tussen die pro- en anti-reformistiese lede van die Afrikaner-Broederbond (AB) ontstaan het. Nadat dit duidelik geword het dat die pro-NP hervormingsgesindes effektiewe beheer oor die AB verkry het, het van die anti-reformiste, waaronder prof. Boshoff, uit die organisasie bedank. Die gedagte aan 'n nuwe Afrikaner-kultuurbeweging het finaal beslag gekry toe soortgelyke spanninge ook in ander Afrikaner-kultuurorganisasies uitgeslaan het. Met die bevordering van Afrikaner-nasionalisme en die beskerming van Afrikaner-kultuur as hoofmotief, het die AV 'n gewillige gevolg in die geledere van konserwatiewe en meesal regse Afrikaners gevind.[24]

Dat die AV wel daarin kon slaag om regses vanoor 'n breë front by dié organisasie te betrek, het veral geblyk uit die feit dat die leiers van die vernaamste regse politieke partye en organisasies, naamlik Andries Treurnicht (KP), Jaap Marais (HNP) en Eugene Terre'Blanche (AWB), nie net ingeskrewe lede van die organisasie geword het nie, maar dikwels die verhoog gedeel het tydens byeenkomste van die AV. Dit was veral Terre'Blanche wat hierdie platform tot voordeel van die AWB benut het. Agter die fasade van "Afrikaner-kultuur" kon hy daarin slaag om vir homself 'n toegewyde gevolg – meesal ten koste van die KP en HNP – op te bou. Hierdie strategie sou vanuit die staanspoor veral die KP van die AWB wegdryf. Die mate waartoe die Afrikaner-kultuur wel 'n saambindingsfaktor in regse geledere geword het, het dus in kontras gestaan tot die verdeeldheid wat sedertdien op die politieke terrein in daardie geledere – ook tussen die KP en HNP – geheers het. Behalwe vir persoonlikheidsbotsings en verskille oor politieke strategie, moet ook daarop gelet word dat die vrese van

21 DJA Viljoen, *Die referendum oor 'n nuwe grondwetlike bedeling, 1983* (INEG publikasiereeks: C-reeks, Bloemfontein, 1984), pp. 718, 726; *Die Patriot* 2(9), 23 September 1983, p. 12; FA van Jaarsveld, "Die Afrikanerdom: 'n histories-vertraagde volk – weg en selfbegrip", *Historia* 31(2), September 1985, p. 28; G Leach, *South Africa no easy path to peace* (Bergvlei, 1986), pp. 51-53, 57; J Blumenfeld, *South Africa in crisis* (Londen, 1987), p. 62.

22 Onderhoud: CWH Boshoff, Pretoria, 25 Maart 1992.

23 Onderhoud: A Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992.

24 Onderhoud: CWH Boshoff, Pretoria, 25 Maart 1992; Onderhoud: A Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992; R Erasmus, *Die stigting van die Afrikaner-Volkswag* (INEG publikasiereeks: C-reeks, Bloemfontein, 1984), pp. 613-623; DB Gräbe, *Die Afrikaner-Volkswag* (pamflet, Pretoria, *s.a.*), pp. 2-3; J Grobbelaar en S Bekker, *Vir volk en vaderland a guide to the white right* (Durban, 1989), p. 41.

gematigde regses en dié van ver-regses dikwels van mekaar verskil het. Terwyl die ver-regse blankes dikwels meer besorg was oor 'n moontlike verlies van identiteit en kultuur, was ekonomiese en veral sekuriteitsvrese weer sterker aanwesig onder gematigde regses. Hierdie klemverskille sou veral ná 1984 regses se reaksie op die groeiende swart bedreiging in 'n mindere of meerdere mate beïnvloed.[25]

## 3. WOEDE IN DIE TOWNSHIPS: SWART PROTES EN REGSE VRESE NÁ 1984

Die verset wat die implementering van die nuwe grondwet in hoofsaaklik swart geledere ontlok het, het begin met die verkiesings wat in 1984 vir die nuutgeskepte Raad van Verteenwoordigers (kleurlinge) en Raad van Afgevaardigdes (Asiërs) gehou is. Behalwe vir die buitengewoon lae stempersentasies, is die verkiesings ook gekenmerk deur grootskaalse onrus en intimidasie van kiesers. Die rede hiervoor was hoofsaaklik swart woede wat gespruit het uit 'n gebelgdheid omdat hulle uitgesluit is van die nuwe bedeling, maar ook uit hul gevolgtrekking dat die NP probeer het om kleurlinge en Indiërs te verenig teen swartes. Die grootliks polities-gemotiveerde onrus wat daarna landwyd uitgekring het, het 'n belangrike kentering in die swart politieke strategie gebring: massa-aksies en -demonstrasies is toenemend as protesmiddel ingespan.[26] Die United Democratic Front (UDF), 'n breë sambreelorganisasie wat in 1983 geskep is om buite-parlementêre weerstand teen die 1983-grondwet te mobiliseer, het 'n belangrike rol hierin gespeel. Hierbenewens het die ANC, wat as 'n sogenaamde skadu-regering sedert die vroeë tagtigerjare op groter buitelandse finansiële en morele steun kon reken, met 'n verskerpte sabotasie-aanslag begin. Die motorbomontploffings in Pretoria en Bloemfontein in Mei 1983 het gedui op 'n element van berekendheid en groter sofistikasie in die ANC se militêre strategie teen die blanke bewind. Die sogenaamde "sagte teiken"-opsie, dit wil sê die uitkies van byvoorbeeld burgerlikes as teikens, het toenemend die ANC se strategiese denke begin bepaal in dié mate waartoe veronderstel is dat die uitbuit van blanke vrese die moreel van die Suid-Afrikaanse regering sou verswak.[27]

Die bogenoemde verwikkelinge in die swart politiek in die vroeë tagtigerjare is belangrik weens die effek wat dit op die regse blanke politiek gehad het. Nog meer as wat die geval was in die sewentigerjare, moet die verband tussen gebeure in die swart politiek en die teenreaksie in veral regse geledere uitgelig word as die

25 A Kemp, *Victory or violence the story of the AWB* (Pretoria, 1990), pp. 34-37; Erasmus, pp. 619, 623-624; Grobbelaar en Bekker, p. 41; J Hyslop, "The impact of the ultra-right on South African politcs", *South African Review* 4, pp. 396-397; Van Rooyen, pp. 92-93.

26 Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

27 J Pampallis, *Foundations of the new South Africa* (Kaapstad, 1991), pp. 264-265; NJJ Olivier, "South African politics: the state of play", *Reality* 21(1), Januarie 1989, p. 7; K Maguire, *Politics in South Africa from Vorster to De Klerk* (Edinburgh, 1991), pp. 47-50.

vernaamste enkele dinamika wat in die tagtigerjare regse blanke vrese sou onderlê. Die kort- en langtermyn sielkundige uitwerking wat terreuraanvalle enersyds en massa-demonstrasies andersyds op blankes gehad het, is nie onbelangrik nie. Die newe-effekte hiervan is uiteindelik weerspieël in die merkbare opgang wat nie net die KP nie, maar ook die groeiende getal ver-regse organisasies, veral die AWB, gemaak het. Die inagneming van die wyer implikasies van die bogenoemde manifestasies van swart protes is noodsaaklik vir 'n begrip van die inwerking van die vreeskwessie op die regse blanke politiek.[28]

Die bekendste voorval van stedelike terreur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die motorbomontploffing in Kerkstraat, Pretoria, op 20 Mei 1983, staan uit as 'n insident wat 'n vormende invloed op regse blankes se persepsies van die "swart bedreiging" gehad het. Te oordeel aan die onmiddellike reaksie vanuit blanke politieke geledere op die gebeure, was daar 'n teenstrydigheid in die reaksie van die NP-regering enersyds en dié van die vernaamste regse partye andersyds. Terwyl die NP die ontploffing gesien het as 'n aanslag teen burgerlikes en nie teen die apartheidstaat nie, het die regse partye opportunistiese munt uit die voorval probeer slaan deur die NP indirek vir die daad verantwoordelik te hou. In die regses se reaksie, wat in die lig van die referendumstryd saamgelees behoort te word met regse partypolitieke propaganda, is min of geen verwysing na die ANC (wat verantwoordelikheid aanvaar het) gemaak nie. So het die HNP in sy reaksie die NP-regering verwyt dat "wat in Kerkstraat gebeur het die gevolg is van die regering se toegewinge van die afgelope paar jaar".[29] Ook die KP se reaksie is gekenmerk deur nie net 'n waarskuwing aan blankes dat terreur vorentoe 'n deel van hul bestaan sou word nie, maar ook deur aantygings dat die bomontploffing die gevolg was van 'n sekuriteitsverslapping wat, volgens die party, weer die direkte uitvloeisel van die regering se grondwetlike hervormings was.[30]

Die vraag wat tereg gevra kan word, is of die bravade in die regse kamp nie bloot 'n fasade was waaragter die groeiende vrese op grondvlak geskuil het nie. In hierdie opsig kan daar met sekerheid aangevoer word dat die ANC daarin geslaag het om deur sy verskerpte sabotasie-aanslag 'n gees van rewolusie onder swartes aan te blaas en vrees onder blankes te versterk. 'n Persepsie wat reeds in 1976 met die Soweto-onluste by blankes geskep is, naamlik die verskuiwing van die bedreiging

28 JS Saul en S Gelb, *The crisis in South Africa* (Londen, 1986), p. 231; K Manzo *et al*., "Noodsaaklike vereistes vir 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika: vrese en verwagtinge van die Afrikanerelite", *Politikon* 17(2), Desember 1990, p. 26; Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992; RH du Pré, *The making of racial conflict in South Africa  a historical perspective* (Johannesburg, 1990), pp. 85-86; Onderhoud: JA Marais, Pretoria, 25 November 1991; Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

29 *Die Burger*, 24 Mei 1983, p. 16. Sien ook *Die Afrikaner* 14(651), 1 Junie 1983, pp. 1, 6, 13.

30 *Die Patriot* 2(1), 3 Junie 1983, p. 2; *Die Burger*, 24 Mei 1983, p. 16; *Beeld*, 23 Mei 1983, p. 12 en 24 Mei 1983, pp. 12-13.

van *buite* die landsgrense na *binne* die landsgrense, is hierdeur versterk. Hiermee saam het die beeld van die ANC as ’n “onsigbare vyand”, in teenstelling met die “sigbare vyand” (die South West African People’s Organization, SWAPO) waarteen daar in die noorde van die destydse Suidwes-Afrika (vandag Namibië) geveg is, blankes se persepsie van die ANC sterk begin kleur. Veral die Engelstalige koerante het in hul redaksionele kommentare op die ontploffing insigte verskaf wat vir ’n breër perspektief op die vreeskwessie in ag geneem moet word. So het *The Star* gewys op die mate waartoe die NP se streng verbod op die ANC dié organisasie in die oë van blankes in ’n “gesiglose monster” omskep het – ’n alomteenwoordige spooksel in blankes se onderbewuste. As sodanig het die ANC en alles wat laasgenoemde versinnebeeld het, in werklikheid groter vrees by veral regse blankes ingeboesem as wat hulle sou wou erken. Dit was volgens die koerant dus nie ’n geval van “out of sight, out of mind”[31] nie.

In teenstelling met die meer nugtere benadering van die Engelstalige koerante, het die Afrikaanse koerante met emosionele opskrifte en groot foto’s die menseslagting op hul voorblaaie laat herleef. Die persepsie van “omsingeling” het veral sterk in redaksionele kommentare deurgeskemer en blankes is gewaarsku dat hulle hulself toenemend sou moes staal teen “die bonte versameling vyandige magte wat van buite op die loer lê”.[32] Blankes is daarom aangeraai om ag te slaan op die waarskuwing van die minister van verdediging, genl. Magnus Malan, kort na die 1983 Kerkstraat-ontploffing. Malan het gemaan dat blankes hul lewenstyl sou moes verander omdat “ons in ’n rewolusionêre lae profiel oorlog betrokke is wat onmiddellik in ’n konvensionele oorlog omskep kan word”[33] en “dit is ’n tragedie dat ons mense nie gekondisioneer is vir hierdie soort ding nie”.[34] Terwyl sy boodskap waarskynlik vir sommige lesers nuus was, was dit vir ander, spesifiek die regses, eerder ’n bevestiging van vermoedens wat, danksy die NP se “totale-aanslag”-propaganda, vir ’n geruime tyd reeds in die kollektiewe regse politieke bewussyn vertroetel is. Vir veral die ver-regses, waarvan die meerderheid toe reeds besig was om onder die vaandel van die AWB ondergronds te organiseer, was die Kerkstraatbom inderdaad die “oorlogsverklaring” waarop daar gewag is.[35]

Die aanvanklike georganiseerde, maar later spontane, massa-protesbeweging wat uit swartes se weersin in die driekamerbedeling gebore is, kan naas die toename in terreuraanvalle beskou word as die vernaamste oorsaak van die versterking van regse vrese en regse versetpolitiek sedert die einde van 1984. ’n Verklaring hiervoor

31 *The Star*, 24 Mei 1983, p. 10.

32 *Die Burger*, 26 Mei 1983, p. 20.

33 *Beeld*, 21 Mei 1983, p. 2.

34 *Ibid*.

35 KW Grundy, *The militarization of South African politics* (Londen, 1988), pp. 59-67; N Rush, “The Boer’s war”, *Harper’s Magazine*, Augustus 1986, p. 23; A Sparks, *The mind of South Africa the story of the rise and fall of apartheid* (Londen, 1990), p. 328; Hyslop, p. 394.

is enersyds geleë in die feit dat blankes vir die eerste keer sedert die Soweto-onluste van 1976 gekonfronteer is met 'n grootskaalse demonstrasie van swart mag of die sogenaamde "people's power".[36] Andersyds kan dit toegeskryf word aan die mate waartoe laasgenoemde demonstrasie ook saamgeval het met die onluste wat in September 1984 in verskeie swart woonbuurte aan die Rand en in die Oos-Kaap uitgebreek het. Die georganiseerde massa-aksies en onluste,[37] behoort gesien te word as inherent deel van wat genoem kan word 'n "selfgenererende siklus" van onrus en geweld wat die land geteister het. Hierdie gebeure was verantwoordelik vir sowel die vreesgolf wat om vanselfsprekende redes oor die geweld-geteisterde "townships" gespoel het as die tol wat vrees toenemend ook in die blanke gemeenskap begin eis het.[38]

Die primêre rede vir die toename in blanke vrese hou in die eerste plek verband met die feit dat die sigbare swart woede wat tydens die massa-demonstrasies en konfrontasie met die veiligheidsmagte geuiter is, nie langer net gemik was teen die NP en die apartheidstelsel as sodanig nie, maar teen blankes as instandhouers van "die stelsel". Onderdrukte swart woede en frustrasie is deur die onrus en massa-demonstrasies gekanaliseer en op die blankes geprojekteer. Tekens van swart militantheid was waarneembaar in die vertoon van die swartmagteken en die strydlustige slagspreuke wat tydens protesoptogte gedreunsing is. Die swart bewussynsideologie van die sewentigerjare het opnuut 'n sentrale rol in die rewolusionêres se mobiliseringstrategie gespeel, maar met dié verskil dat die aanvanklike pro-swart sentimente in sommige gevalle ook anti-blank geword het. Dit is hier waar rasgebaseerde vrese ook in die breër blanke geledere ter sprake kom, aangesien die groeiende anti-wit sentimente na weerskante van die blanke politieke mening gesny het.[39]

Die NP-gesinde Afrikaans- en Engelssprekende blankes en selfs diegene wat hul in die PFP-kamp bevind het, is aanvanklik in 'n groter mate ontnugter deur bogenoemde verwikkelinge in die swart politiek as wat oënskynlik die geval was met die regse blankes. Die feit dat veral regeringsgesindes slagoffers was van NP-propaganda wat hul naïef laat glo het dat Botha se hervormings swartes sou sus, was primêr hiervoor verantwoordelik.[40] Die hervormings het nie aan die verwagtinge voldoen nie en swart politici het dit as "kosmeties" afgemaak – te min te laat. Die gevolg was dat vrese vir 'n verdere radikalisering van die swart politiek in gematigde blanke geledere inslag begin vind het. Hierdie tendens beteken egter nie dat vrees in

36 Vir meer besonderhede sien Stemmet, pp. 200-203.

37 Vir meer oor die onluste sien Stemmet, pp. 143-177,195-232; T Heard, *The Cape of storms* (Johannesburg, 1990), pp. 165-166; CC O'Brien, "What can become of South Africa?", *The Atlantic Monthly* 257(24), Maart 1988, p. 65; A Hochschild, *The mirror at midnight a South African journey* (New York, 1990), pp. 148, 202-203.

38 Saul en Gelb, pp. 128-131, 215; Onderhoud: NJ Rhoodie, Pretoria, 15 Julie 1992.

39 Hochschild, p. 83; Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992; Du Pré, pp. 86-87. Sien ook GME Leistner, "Change in Afrikaner national life", *Africa Insight* 10(2), 1980, p. 77.

40 Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992.

regse geledere minder belangrik geword het nie; hoewel minder opvallend, het vrees in hierdie kringe 'n nuwe dimensie gekry.[41]

Daar kan aangevoer word dat die toenemende uiting van anti-wit sentiment deur swart radikales in ooreenstemming was met die onderliggende anti-swart sentiment in regse geledere. Die feit dat swart antipatie nie meer so streng etnies-gebaseerd was nie, maar ras-gebaseerd, behoort dus ook in ag geneem te word ter ondersteuning van hierdie argument. Die feit dat etniese verdelingslyne in veral swart stedelike gebiede tot die versterking van swart eenheid begin vervaag het, het geskied in weerwil van wat regse blankes geglo het ondermyn sou word deur die verdeel-en-heersstrategie van die NP se etnies-gebaseerde tuislandidee. Hierdie nuwe besef het daartoe gelei dat die reeds rigiede rasseskeidslyn wat die regse ons-hulle-antitese onderlê het, steeds fermer afgebaken is. Die vernaamste uitvloeisel hiervan was nie net toenemende vervreemding en verwydering tussen regse blankes en die swart meerderheid nie, maar ook groeiende vrese onder regses – 'n tendens wat in die tweede helfte van die dekade tagtig wrange vrugte sou afwerp.[42]

Terwyl daar duidelike tekens was dat rasgebaseerde vrese in die breër blanke geledere 'n tol begin eis het, moet daar ook gewys word op tekens van realisme wat in sekere blanke, en veral in Afrikaner-geledere, begin posvat het. Aangevoer deur die PFP-leier, Frederik Van Zyl Slabbert, is besef dat vreesgedrewe politiek die blankes op 'n pad van politieke isolasie geplaas het. Slabbert en ander invloedryke politici, akademici en besigheidslui,waaronder Willie Esterhuyse, Willem de Klerk en Hermann Giliomee, het besef dat 'n alternatiewe oplossing vir Suid-Afrika se politieke *impasse* dringend gevind moes word. Dit sou beteken dat juis dit wat simbolies van blankes se vrees vir 'n swart regering geword het, naamlik die ANC, "gekonfronteer" moes word deur middel van onderhandelinge. In 1986 het 'n ontnugterde Slabbert uit die parlement bedank ten einde hom vir 'n demokratiese alternatief te beywer. Onder sy leiding is begin om voelers na die ANC uit te steek en hierdie inisiatief sou uiteindelik uitloop op die Dakar-konferensie van Junie 1987 toe 'n groep Suid-Afrikaners, wat grootliks uit Afrikaners bestaan het, 'n ANC-afvaardiging in Dakar, Senegal, ontmoet het. Een van die vraagstukke wat tydens hierdie konferensie bespreek is, was juis blanke vrese en in watter mate dit 'n rol in toekomstige onderhandelinge sou speel. Die besef in ANC-geledere dat blanke vrese 'n bepalende faktor in die blanke politiek was, het daartoe bygedra dat dié organisasie sy radikale eise in latere jare sou versag.[43]

---

41 *The Star*, 25 Julie 1985, p. 12; Olivier, p. 7; Maguire, p. 29.

42 J Liebenberg, "Regse tier: hoe trek ons sy tande uit?", *Democracy in Action*, September 1989, p. 13; Kemp, p. 29; Leach, pp. 11, 18, 40.

43 H Giliomee, *The Afrikaners biography of a people* (Kaapstad, 2003), pp. 616-618; 628; H Giliomee, "True confessions, end papers and the Dakar conference: A review of the political arguments", *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2), 2009, pp. 32-41; "The Dakar Declaration", http://www.anc.org.za/ancdocs/pr/1980s/pr870612.htm, 6 Mei 2010.

## 4. DIE TERUGTREK NA DIE LAER: GROEIENDE REAKSIONÊRE SENTIMENTE IN DIE BLANKE POLITIEK

Die mate waartoe die intensifisering van vrees in blanke geledere ’n bepaalde impak op die post-1983 blanke politieke denke gehad het, is weerspieël deur verwikkelinge in die blanke partypolitiek. Ten einde die onderliggende dinamiek van die vreeskwessie in die politieke proses van die tagtigerjare te begryp, moet verwikkelinge in die regse politiek, soos in die geval van die swart politiek, in samehang met die gebeure in die breë blanke politiek beskou word. Hierdie argument hou verband met die feit dat verwikkelinge in die regse politiek ná 1984 deels in reaksie op gebeure in die swart politiek en deels in reaksie op die NP se optrede geskied het. As sodanig het die wisselwerking tussen veral die NP en die KP gesorg vir ’n nuwe dinamika in die blanke politiek – ’n faktor wat die aard van politiekvoering in daardie geledere sedertdien sou beïnvloed.[44]

Die politieke gebeure van die vroeë tagtigerjare kan nie geskei word van militêre verwikkelinge nie. Die sogenaamde “militarisering van die Suid-Afrikaanse samelewing” het sedert daardie tydperk opnuut tekenend geword van die mate waartoe militêre oorwegings die NP-beleid en -strategie beïnvloed het. Hierdie tendens moet gesien word in noue samehang met die verslegtende binnelandse veiligheidsituasie, asook Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in die noorde van Suidwes-Afrika. As inwoners van ’n land wat tegnies in ’n staat van oorlog verkeer het, het ’n “oorlogspsigose” in ’n sekere sin in die regse blanke psige neerslag gevind. Hierdie psigose was nie net ’n vreespsigose op sigself nie, maar dit was ook die produk van ’n dogma wat Afrikaner-vrees weerspieël het. Die vrees dat die blanke regering deur ’n kombinasie van interne opstand en eksterne inval tot ’n val gebring sou word, was een van die wortels van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) – en NP-regering – se “totale aanslag”-dogma.[45] Op behendige wyse is hierdie “negatiewe” vrees egter deur die sekurokrate omskep in ’n instrument van die militêre propaganda-industrie. Deur ’n “positiewe” vrees, dit wil sê vrees in diens van ’n ideologie, op die breë blanke samelewing te projekteer, is daarin geslaag om op grondvlak bepaalde sentimente te versterk. In hierdie opsig het veral regse blankes as direkte slagoffers van die vrees-indoktrinasie dikwels agente van die militariste se propaganda geword.[46]

---

44 Manzo *et al*., p. 26; Leach, p. 244; Onderhoud: NJ Rhoodie, Pretoria, 15 Julie 1992; Onderhoud: CP de Kock, Pretoria, 27 November 1991.

45 Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

46 KW Grundy, *The rise of the South African security establishment an essay of the changing locus of state power* (Oxford, 1983), pp. 17-22; Onderhoud: FJ Jacobs, Bloemfontein, 28 September 1992; A Seegers, “The military in South Africa: a comparison and critique”, *South Africa International* 16(4), April 1986, pp. 192-198; PL Moorcraft, *African nemesis war and revolution in Southern Africa, 1945-2010* (Londen, 1990), pp. 400-409; JCR Liebenberg, “Apartheid’s military in politics: naked power revealed”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 15(1), Junie 1990, pp. 131-132, 136, 139.

Ten spyte van die NP-regering se beperkte hervormings, waaronder die herroeping van die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike en die opheffing van die verbod op swart vakbonde, het die opstuwende geweld in die swart woonbuurte vererger. Met slagspreuke soos "Render South Africa ungovernable"[47] het die ANC-gesteunde UDF 'n rewolusionêre gees onder inwoners van swart woongebiede aangeblaas.[48] In sekere gebiede, veral in Natal, het die politieke klimaat nie net rassehaat aangewakker nie, maar ook etniese antagonisme. Op 20 Julie 1985 is 'n landwye noodtoestand in 36 landdrosdistrikte uitgeroep in 'n poging om stabiliteit te bring. Van die verreikendste implikasies van die noodtoestand was die inwerkingstelling van noodmaatreëls, waaronder aanhouding sonder verhoor en huisarres, wat weer aanleiding gegee het tot 'n staat van sogenaamde "legalized tyranny".[49] In die tweede helfte van 1985 het dit duidelik geword dat die veiligheidsituasie sodanig versleg het dat die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) nie langer die onrus alleen kon beheer nie. Die regering het gevolglik daartoe oorgegaan om die SAW in die swart woongebiede te ontplooi. Hoewel hierdie stap die onrus tydelik in bedwang kon hou, is 'n prys daarvoor betaal. Behalwe vir die vertroebeling van wit-swart-verhoudinge, het die beelde van konfrontasie tussen "weerlose" swartes en gewapende veiligheidsmagte die internasionale mening teen die RSA laat draai.[50]

Plaaslik en oorsee is gehoop dat Botha die simboliese Rubicon wat wit en swart verdeel het, sou oorsteek in 'n toespraak wat hy op die NP se Natalse kongres op 18 Augustus in 1985 in Durban sou lewer. Dít wat 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse politiek moes wees, het egter tot niks positiefs gelei nie. In 'n aanvallende styl het Botha die rewolusionêre magte gewaarsku: "I am not prepared to lead white South Africans and other minority groups on a road to abdication and suicide."[51] In plaas daarvan dat Botha die Rubicon oorgesteek het, het hy inderdaad teruggetrek na die "laer" duskant die Rubicon.[52] In vele opsigte was Botha se houding 'n voorteken van 'n tydperk waarin regressie die Suid-Afrikaanse politiek sou kenmerk. Sedertdien moes blanke Suid-Afrikaners toekyk hoe die sanksieskroewe vaster gedraai word,

---

47 Vir meer besonderhede sien Stemmet, p. 212.

48 Vir meer besonderhede sien *ibid*, pp. 153-177.

49 LJ Thompson, *A history of South Africa* (Sandton, 1990), p. 235.

50 JPC Mostert, *Die afskaffing van die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* en *Artikel 16 van die Ontugwet* (INEG publikasiereeks: C-reeks, Bloemfontein, 1984), pp. 426-430; RM Price, *The apartheid state in crisis* (Oxford, 1991), p. 250; *Rapport*, 21 Julie 1985, p. 2; C Hope, *White boy running* (Londen, 1988), p. 236; Rush, p. 23; Moorcraft, pp. 365-367, 374; Stemmet, pp. 110-113.

51 Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), PW Botha-versameling (PV203), 4/2/133: Toespraak van die Staatspresident, mnr. PW Botha, gelewer tydens die NP se Natalse kongres te Durban, 18 Augustus 1985.

52 Vir argumente hieroor sien Stemmet, pp. 465-469.

die Suid-Afrikaanse ekonomie verswak en die noodtoestand, wat op 7 Maart 1986 opgehef is, op 12 Junie 1986 heringestel is.[53]

Die rimpeleffek van die voorafgaande gebeure op die blanke politieke menings, aan weerskante van die NP, was verreikend. Vir die meerderheid verligte blankes het hul politieke houding voor 'n toets te staan gekom. Enersyds het sommiges hul gewetes probeer sus deur die voorhou van 'n liberale front, maar andersyds het andere begin twyfel of hulle werklik te vinde was vir dit wat die uiteinde van volledige demokratisering sou wees.[54] Dit was veral die verslegtende veiligheidsituasie wat die meesal welgestelde blankes se eens sorgvrye lewe verander het in 'n lewe van vrees agter hoë mure. Hierdie toestand het tot 'n kentering in politieke houding gelei: terwyl sommiges hul weg steeds binne die dampkring van die PFP oopgesien het, het diegene wat nie die land verlaat het nie, hul in groeiende getalle by die NP en selfs die KP geskaar.[55]

Die groter vloeibaarheid wat die politieke sentiment binne die liberale dampkring begin kenmerk het, was ook sigbaar binne die NP. Namate al hoe meer Nasionaliste die tekens van die tye in die swart protes begin lees het, is ook húl politieke lojaliteite onder druk geplaas. Binne hierdie omstandighede het die sentiment van die regse politiek, soos veral versinnebeeld deur die gematigde KP, 'n aantreklike alternatief vir konserwatiewe Nasionaliste geword. In hierdie opsig kan aangevoer word dat hoe nader die demokratisering van tussengroepsverhoudinge aan die meer verligte blankes se binnegroepsassosiasies begin kom het, hoe kleiner het die persentasie geword wat bereid was om die gevolge van sodanige demokratisering te aanvaar.[56] In 'n poging om die huiwerendes binne die NP te hou, het Botha self oor sy regterskouer begin loer. Die regerende party het gevolglik toenemend regse neigings begin toon, 'n tendens wat die gaping tussen die NP en die KP op die spektrum van politieke houdings verklein het. Die neiging na regs binne die NP kan uiteraard ook geïnterpreteer word as 'n poging om blanke vrese, wat binne die NP begin uitslaan het, te besweer.[57] Hierdie

53 Moorcraft, p. 367; Du Pré, pp. 88-90; Price, p. 252. Sien ook A van Wyk, *The birth of a new Afrikaner* (Kaapstad, 1991), p. 100.

54 Sien E van Heerden, *Casspirs en Campari's* (Kaapstad, 1991) vir 'n satiriese blik op die blanke psige van die tagtigerjare, 'n tydperk wat deur een van die karakters beskryf is as "the most uncertain hour" (p. 186).

55 Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; H Giliomee, *The Afrikaners biography of a people* (Kaapstad, 2003), p. 607; O'Brien, p. 44; Manzo *et al*., pp. 28-35; Onderhoud: JA Marais, Pretoria, 25 November 1991; Van Rooyen, p. 105.

56 P le Roux, "The economics of conflict and negotiation" in PL Berger en B Godsell (reds.), *A future South Africa visions, strategies and realities* (Kaapstad, 1988), pp. 206-207; NJ Rhoodie en MP Couper, *'n Vergelykende ontleding van drie Afrikaner-dominante gemeenskappe se persepsies van wit-swart verhoudinge in Suid-Afrika* (RGN-verslag: geleentheidspublikasie 33, Pretoria, 1986), p. 92.

57 Die algemene strekking van die NP se politieke pamflette uit hierdie tyd dui op pogings om blanke vrese te besweer. Sien onder meer CRE Rencken, *Voorwaarts sonder vrees!* (pamflet, Johannesburg, *s.a.*), p. 1; CRE Rencken, *Waarborg u toekoms stem Nasionaal* (pamflet, Johannesburg, *s.a.*); CRE Rencken, *Die NP verwerp 'n 4de kamer* (pamflet, Johannesburg, *s.a.*), p. 1.

verwikkelinge binne die NP verdien aandag vanweë die gevolge wat dit nie net vir die party self nie, maar bowenal vir die regse politiek, ingehou het.[58]

Hoewel daar teen die einde van 1984 tekens was van groeiende verwydering tussen die reformiste (die "duiwe") en die reaksionêres (of "valke") in die NP, was dit Botha se Rubicon-toespraak wat die verwydering tussen hom en sy militêre raadgewers aan die een kant en die progressiewes aan die ander kant, verhaas het. Drie faktore was hoofsaaklik verantwoordelik vir sowel Botha se groeiende reaksionêre sentiment as die verwydering tussen hom en die meer verligte Nasionaliste. Eerstens het Botha en die behoudende element in die NP begin steier onder wat die logiese uiteinde van sy hervormingsinisiatiewe sou wees. 'n Voorbeeld hiervan is Botha se repudiëring van 'n uitlating van sy minister van buitelandse sake, mnr. RF ("Pik") Botha, in Februarie 1986, naamlik dat Suid-Afrika wel in die toekoms 'n swart staatspresident kon kry. In die tweede plek was dit duidelik dat Botha hom in 'n groter mate deur sy militêre raadgewers aan die neus laat lei het as wat hy pragmatiese politiek bedryf het. Omstrede militêre maneuvers wat in die naam van die "totale strategie" of "nasionale strategie"[59] uitgevoer is, in besonder die militêre aanvalle op beweerde ANC-basisse in buurstate in die vroeë tagtigerjare, het tot 'n ongemaklikheid in verligte NP-kringe gelei.[60]

Die derde faktor verantwoordelik vir Botha se remtrappery was die vrees vir 'n regse aanslag op die NP en dat die party as gevolg daarvan verder sou skeur. Die reeds groeiende uitvloei van kiesers uit die NP het hierdie vrees by Botha versterk. Eerder as om finaal met die regses te breek, het Botha gepoog om deur verskerpte optrede teen die swartes verlore regse steun terug te wen. Die oogmerk was klaarblyklik om regses van hul nuwe troefkaart, naamlik die bewering dat die NP voor swart radikalisme geswig het, te ontneem. Hierdie strategie het die NP egter duur te staan gekom, want nie net het die swart politieke houding as gevolg daarvan verder verhard nie, maar die KP het steeds voortgegaan om, deur middel van die uitbuiting van blankes se veiligheidsvrese, steun van die NP weg te trek. Hierdie tendens is bevestig deur die KP se goeie vertoning in die landwye tussenverkiesings wat in Oktober 1985 gehou is.[61]

Soos by die blanke sentrumpolitiek, is die karakter van die regse politiek en veral regse verset, in die middel van die tagtigerjare in alle opsigte bepaal deur faktore wat in die eerste plek direk verband gehou het met die swart onrus en in die tweede plek met die implementering van politieke hervormings deur die NP. Van hierdie faktore verdien

58 Van Rooyen, p. 98; Hyslop, pp. 400-401.

59 Vir meer besonderhede sien L van der Watt, *U toekoms met die NP* (pamflet, Bloemfontein, *s.a.*), p. 4.

60 I Liebenberg, *Ideologie in konflik* (Bramley, 1990), pp. 114-118; DB Hauptfleisch, "Die tweede oorsteek van die Rubicon: 31 Januarie 1986", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 11(1), April 1986, p. 103; Pampallis, p. 284.

61 H Adam en K Moodley, *South Africa without apartheid dismantling racial discrimination* (Kaapstad, 1986), p. 61; W Burger, "Inside the fortress", *Newsweek*, 24 Maart 1986, p. 22; Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

die vreesfaktor en die sentrale posisie wat laasgenoemde in die groei van reaksionêre sentiment ingeneem het, besondere aandag. Benewens die mate waartoe vrees direk verantwoordelik was vir die steun wat die NP aan die KP afgestaan het, behoort die rol wat vrees – en wel vrees vir 'n rasse- en etniese konflik enersyds en vrees vir die verlies van politieke mag[62] andersyds – binne gevestigde regse geledere gespeel het, deurgaans verdiskonteer te word. In ooreenstemming met blanke vreespersepsies aan die linkerspektrum, was die aanvanklik suiwer rassegrondslag van die swart opstand verantwoordelik vir die persepsie in regse geledere dat 'n rassekonflik tussen swart en wit aan die ontwikkel was. Slegs enkele blankes het direkte slagoffers van die onrus geword, maar dit was dreigemente uit die radikale geledere dat die rewolusie weldra na blanke gebiede sou oorgaan, en die feit dat dit oorwegend blanke polisiemanne en weermagtroepe was wat die onrusstokers moes konfronteer, wat die neiging by regse blankes om die verwagte konfrontasie in streng rasseterme te visualiseer, versterk het.[63]

Regse blanke vrese het egter ook 'n ander dimensie gehad. Ten spyte van die feit dat die swart protes, wat vanuit die staanspoor gerig was teen die blanke as instandhouer van die apartheidstelsel, primêr verantwoordelik was vir die skep van 'n rasgebaseerde vreespersepsie onder regse blankes, behoort die effek wat die toenemende swart-op-swart-geweld op regse blankes gehad het, nie buite rekening gelaat te word nie. Hoewel hierdie aspek van die swart onrus nie regse vrese in dieselfde mate aangewakker het as wat die geval in liberale kringe was nie, het dit steeds hul vreespersepsies versterk. Daar is veral in die lig van etniese geweldpleging in die res van Afrika gewag gemaak van die katastrofiese gevolge wat die oordrag van mag aan strydende etniese faksies vir blankes se veiligheid sou inhou. Om so iets te verhoed, moes al die politieke mag volgens laasgenoemdes in blanke hande bly.[64]

Naas die vrese wat direk te koppel was aan swart onrus, behoort ook die vrese wat verband gehou het met die NP-regering se "verliberalisering" van apartheid deur die implementering van beperkte hervormings, ondersoek te word. Hoewel hierdie hervormings in die eerste instansie 'n strategie van die NP was om swartes te paai, het die regses dit anders geïnterpreteer. Hierdie groep blankes het negatief op die demokratiese aanpassings in wit-swart-verhoudinge gereageer, aangesien sodanige aanpassings in konserwatiewe blanke geledere gesien is as die dun ent van die wig wat 'n bedreiging vir hul politieke mag en oorlewingsbelange kon inhou.[65] Die HNP het blankes daarop

62 Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992.

63 Leach, p. 244; Hyslop, p. 395; *The Star*, 4 Julie 1985, p. 12; Saul en Gelb, pp. 231-232; Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud: CP de Kock, Pretoria, 27 November 1991; Onderhoud: ZB du Toit, Pretoria, 15 Julie 1992.

64 Paton, pp. 233-236; Hochschild, pp. 83-93; Manzo *et al*., p. 35; Onderhoud: A Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992.

65 Onderhoud: CWH Boshoff, Pretoria, 25 Maart 1992; Onderhoud: A Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992; LF Stofberg, *Waarvoor die HNP staan* (pamflet, Pretoria, 1984), p. 2; AC van Wyk, *Die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika vryheid met geregtigheid* (pamflet, Pretoria, *s.a.*), pp. 1-2.

gewys dat "van 'n 'Maori of twee' in 'n Nieu-Seelandse rugbytoerspan in 1969 het die Nasionale Party nou gevorder tot 'n veelrassige regering in Suid-Afrika"[66] en dat blankes moet "weier om die pad van oorgawe in paaiemente te loop".[67]

Waarskynlik die vernaamste uitvloeisel van veral die ontwikkeling van 'n sogenaamde "rasse-oorlogsindroom" en die gepaardgaande verskerping van oorlewingstipe vrese by regse blankes, was 'n geneigdheid in daardie geledere om die oorlewing van die groep te koppel aan gewapende verset.[68] Die leier van die KP het die regering onder meer daarvan beskuldig dat die SAP van slaankrag ontneem is deurdat blanke onruspolisie verbied is om met skerppunt-ammunisie op swart oproeriges te skiet. Ook het die AWB by monde van Terre'Blanche en ander AWB-leiers hulself bereid verklaar om, sodra die onrus na die blanke woongebiede sou oorgaan, die eerstes te wees om blanke verdedigingseenhede te organiseer. Indien die swart rewolusie wel sou uitbreek sou dié organisasie se lede ook die eerstes wees om die loopgrawe te beman, aldus die AWB.[69]

Die oorlogstaal wat toenemend in ver-regse geledere geuiter is, het geblyk meer te wees as bloot hol dreigemente. Naas die koorsagtigheid waarmee groot getalle regse blankes hulself begin bewapen het, het veral ver-regses in die destydse Transvaal begin om wapens op geheime plekke te stoor. Die ontdekking van wapenopslagplekke op plase in Wes-Transvaal (vandag die Noordwesprovinsie), sowel as die toenemende sigbaarheid van 'n groot aantal handwapens tydens openbare saamtrekke van die AWB, ondersteun die argument dat veral ver-regses besig was om in reaksie op die groeiende swart bedreiging hulself op 'n veel groter skaal te bewapen as wat vroeër die geval was. In aansluiting hierby moet ook gewys word op navorsingsbevindinge wat daarop dui dat konserwatiewe blankes ná 1985 in 'n groter mate as die blanke bevolking oor die algemeen, geneig was om te glo dat die SAW in die toekoms toenemend aangewend moes word om wet en orde te handhaaf, asook blankes se oorlewingsbelange te beskerm. Regse blankes het dus toenemend hul voortbestaan as afsonderlike groep in terme van gewapende konflik beskou.[70]

In die lig van bewerings dat baie wapens wat in die tagtigerjare in regse besit was, op onwettige wyse van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte verkry is, kom die beweerde verbintenis tussen die regses en die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte

66 J Alberts, *Tussenverkiesing George* (pamflet, George, 1984), p. 3.

67 *Ibid*., p. 2.

68 Onderhoud: NJ Rhoodie, Pretoria, 15 Julie 1992.

69 Van Rooyen, pp. 92-93; MC Smit, "Credo van die Afrikaners: die Konserwatiewe Party en Afrikanermag 1982-1987", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(1), Junie 1994, p. 15; Onderhoud: D Ackerman, Brandfort, 22 Junie 1992; Onderhoud: WJ Etzebeth, Bloemfontein, 29 Julie 1992; Hochschild, pp. 210-215.

70 Rhoodie en Couper, p. 98; Hyslop, pp. 393,396; Grobbelaar en Bekker, p. 48; Le Roux, p. 207; P Hugo, "Towards darkness and death" in P Hugo (red.), *South African perspectives* (Kaapstad, 1989), pp. 254-255; Giliomee, p. 608.

ter sprake. Naas die feit dat heelwat prominente regses oud-polisiemanne was, was verskeie dienende lede van die mag teen die middel van die tagtigerjare aktiewe lede van regse en ver-regse politieke organisasies soos die AWB. Hierbenewens is daar ook aanduidings dat 'n groot segment van die SAP, hoewel hulle nie noodwendig ingeskrewe lede was nie, die regse politiek simpatiekgesind was. 'n Reaksionêre politieke houding in hierdie geledere is bevorder deur sowel die groeiende vervreemding tussen blanke polisiemanne as legitimiseerders van "die stelsel" en veral radikale swart jeugdiges, as 'n diepe wantroue teenoor Botha se hervormings.[71]

Terwyl daar 'n direkte korrelasie is tussen die toename in blanke vrese gedurende hierdie tydperk en groeiende interne druk, moet die belangrikheid van eksterne druk nie onderskat word nie. In dié opsig is dit veral die toename in die ANC se militêre aanslae teen die RSA, sowel as die toepassing van ekonomiese sanksies deur die Weste, wat 'n inherente deel van regses se "totale aanslag"-persepsies begin vorm het. Die emosionele impak wat militêre aanvalle op blankes as sogenaamde "sagte teikens" gehad het, is betekenisvol, veral sedert die Pretoria-bom van 1983. Hoewel die getal blankes wat in sabotasie-aanslae deur Umkhonto weSizwe (MK) gesterf het, tot die einde van 1985 betreklik min was, het die ongevalle daarna toegeneem. Op 15 Desember 1985 het ses blankes gesterf in landmyn-ontploffings naby die Zimbabwiese grens in verre Noord-Transvaal (vandag die Limpopoprovinsie) en enkele dae later, op 23 Desember 1985, het nog ses blankes gesterf en is tientalle beseer in 'n ontploffing by 'n winkelsentrum in Amanzimtoti. Soos met die Pretoria-bom, het hierdie insidente (wat ooglopend gemik was teen blanke burgerlikes), politieke gesindhede onder blankes verhard. Nie net regse blankes nie, maar ook blankes wat nie noodwendig tradisioneel konserwatief was nie, het as gevolg van die terreur-aanvalle toenemend met eersgenoemde se politieke sentimente begin simpatiseer.[72]

Naas die effek van terreur-aanvalle, moet ook gekyk word na die invloed van sanksies op regse blankes se vreespersepsies. Ekonomiese strafmaatreëls het in 1985-1986 'n hoogtepunt bereik met die aanvaarding van omvattende sanksies deur instellings soos die Europese Ekonomiese Gemeenskap (Europese Unie) en die VSA. Op bykans elke terrein het isolasie Suid-Afrika in die gesig gestaar. Wat die regses betref, wil dit voorkom of hul wantroue teenoor die internasionale gemeenskap eerder 'n apatiese houding teenoor die groeiende internasionale vyandigheid gekweek het as vrees. Trouens, in sommige regse geledere is geredeneer dat blanke Suid-Afrikaners op die lang duur alleen verenig en versterk sou word deur sanksies. Die HNP het blankes daarom aangemoedig om te veg teen die NP-regering wat "onder druk van

71 Van Rooyen, pp. 100-101; B Pottinger, *The imperial presidency* (Johannesburg, 1988), pp. 291-292; Adam en Moodley, p. 67.

72 Onderhoud: NJ Rhoodie, Pretoria, 15 Julie 1992; PH Baker, "South Africa: the Afrikaner angst", *Foreign Policy* 69, Winter 1987-88, p. 71; H Adam, "Exile and resistance: the African National Congress, the South African Communist Party and the Pan-Africanist Congress" in Berger en Godsell (reds.), pp. 97-104; O'Brien, p. 65.

die buiteland, die geldmag en sy Nieblanke [*sic*] mederegeerders"[73] optree. Aan die ander kant, egter, was die ervaring van 'n gevoel van uitsluiting en verwerping net so 'n deel van regse blankes se emosionele reaksie op hul groeiende isolasie as wat dit die geval was met ander blankes. In hierdie opsig kan vrees dus ingelees word in die fasade waarmee die regse blankes die aanslae van buite probeer afweer het.[74]

Dit is ook noodsaaklik om die rol wat die media in die versterking van regse blanke vreespersepsies tydens die swart onluste gespeel het, te ondersoek. Dit is veral die veranderende rol van die media en die belangrikheid van die nuwe elektroniese media wat aandag verdien. In teenstelling met die 1976-onluste toe regse blankes se geheelindrukke van die destydse swart opstand deur hoofsaaklik swart-en-wit foto's in koerante gevorm is, was dit in die tagtigerjare televisie wat onlustonele in volkleur aan kykers gebring het, waaronder tonele van die berugte halssnoermoorde. As gevolg van die feit dat blankes se menings oor die erns en omvang van die swart onrus grootliks bepaal is deur inligting wat via die visuele media bekom is, is daar rede om te glo dat die beklemtoning van die fisiese geweldsaspekte van die onrus op televisie 'n bydrae gelewer het tot die geheelbeeld wat ook regse blankes van die onrussituasie gekonstrueer het.[75]

## 5. DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1987

Die algemene verkiesing van 6 Mei 1987 kan met reg beskou word as waarskynlik die betekenisvolste verkiesing van die tagtigerjare, omdat 'n nuwe tydvak ingelui is vir die regse politiek, asook vir die breë Suid-Afrikaanse politiek. Die vervanging van die PFP as die amptelike opposisie deur die KP het inderdaad die stempel geplaas op 'n tendens wat sedert die stigting van laasgenoemde al sterker geword het, naamlik die stelselmatige swaai na regs in die blanke politiek. Hoewel die verskuiwing wat daar ook in sekere opsigte na links plaasgevind het, nie buite rekening gelaat moet word nie, was dit terselfdertyd duidelik dat die regse stem 'n faktor in die blanke partypolitiek geword het. Teenoor die NP se 123 setels (voorheen 116) het die KP 22 setels (voorheen

73 Alberts, p. 2.

74 Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992; Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992; DA Louw, "When South African whites close ranks, change will become more difficult", *The Idahonian*, 1986, [geen paginering]; Price, pp. 220-233, 251; Onderhoud: A Boshoff, Pretoria, 23 Maart 1992.

75 NJ Rhoodie *et al.*, *Blanke Suid-Afrikaners se persepsies van die gedeeltelike noodtoestand soos afgekondig op 20 Julie 1985* (RGN-verslag: navorsingsbevinding SN-257, Pretoria, 1986), p. 24; Venter, p. 15; Moorcraft, p. 364; Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991.

17) verower, maar persentasiegewys, in terme van die getal uitgebragte stemme, het die KP sterk vertoon met 26,11% teenoor die NP se 52,28% van die stemme.[76]

In 'n verklaring van die 25% swaai weg van die NP se 1981-steunbasis, bestaan daar breë eenstemmigheid onder politieke waarnemers dat sowel die toenemende eksterne druk as die interne opstand in die eerste instansie verantwoordelik was vir blanke kiesers se teruggryp na die bekende en gerusstellende weë van die verlede. Dat 'n bepaalde vreesmentaliteit daarom onderliggend was aan hierdie neiging, is nie te betwyfel nie. Ken Owen, destydse redakteur van *Business Day*, het die sielkundige effek wat die gesamentlike uitwerking van interne en eksterne druk op blanke politieke denke gehad het, raak opgesom: "Pressure from abroad pushed them [the whites] into defiance and pressure from the black masses at home pushed them into psychological bunkers. In the face of threats of revolution, the voters brushed aside all other issues."[77] Dit was dus die gekombineerde uitwerking van interne en eksterne gebeure wat versterkend op regse politieke denke ingewerk het.[78]

Vraagstukke wat in normale omstandighede die stempatroon sou beïnvloed, soos verhoogde belasting en ekonomiese stagnasie, het vervaag in die aangesig van blankes se groeiende verwagting van 'n swart rewolusie. As gevolg hiervan het veral gematigde blankes in die NP en selfs die PFP besef dat swart protes nie afgekoop kon word met hervormings nie, maar dat dit sou voortgaan om toegewings af te dwing en uiteindelik dalk sou uitloop op 'n rewolusionêre swart magsoorname. Die klassieke regse "dun-ent-van-die-wig"-argument, 'n redenasie wat gewortel is in die vrees dat betekenisvolle hervorming uiteindelik 'n onbeheerbare momentum sou verkry, het toenemend in die gematigde NP- en PFP-kringe inslag begin vind, vandaar die noemenswaardige steun wat die KP uit hierdie geledere getrek het.[79]

In die tweede plek is die swaai na regs ook grootliks in die hand gewerk deur sowel die NP, KP en in 'n mindere mate die HNP, se verkiesingspropaganda. Uit vrees vir 'n regse aanslag teen die party, het die NP sy verkiesingspropaganda na links, dit

76 Die KP, wat eers in 1982 gestig is, het uiteraard nie aan die 1981-verkiesing deelgeneem nie, maar het voorheen 17 setels in die parlement gehad omdat 17 parlementslede hul by die KP aangesluit het. S Bekker en J Grobbelaar, "The white rightwing movement in South Africa: before and after the May 1987 election" in DJ van Vuuren *et al*. (reds.), *South African election 1987 context, process and prospects* (Pinetown, 1987), p. 66; JPC Mostert, "6 Mei 1987 – 'n oorsig", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(2), Augustus 1987, pp. 182, 186-187; LJ Ferreira, "Die Volksraadsverkiesing van 1987: 'n analise van politieke houdingsingesteldhede", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(2), Augustus 1987, pp. 193, 196-197. Dit is nie moontlik om die KP se stempersentasie met enige vorige verkiesing te vergelyk nie, want die 1987 algemene verkiesing was die eerste sodanige verkiesing waaraan hulle deelgeneem het.

77 *Business Day*, 8 Mei 1987, p. 8.

78 Sien Van Rooyen, pp. 127-130.

79 H Kotzé en E Lourens, "Considering the swing to the right – some thoughts on the 1987 election result" in Van Vuuren *et al*. (reds.), p. 366; NJ Rhoodie en MP Couper, "Whites' perceptions of the fundamental issues surrounding the election of 6 May 1987" in Van Vuuren *et al.* (reds.), pp. 230-235; *Finansies en Tegniek*, 15 Mei 1987, p. 15; Ferreira, pp. 196-197.

wil sê teen die PFP, en nie na regs nie, gemik. Die NP se propaganda is gekenmerk deur die beklemtoning van die "linkse gevaar" en die rewolusionêre bedreiging wat die ANC vir die blankes ingehou het.[80] Vir die NP was hierdie strategie egter teenproduktief, aangesien die mobiliseringskragte van die regse politiek, naamlik die sogenaamde "go-it-alone"-sentimente, 'n teruggryp na die Afrikaner-verlede, laer-mentaliteit en 'n isoleringsneiging laat herleef het. Deur terug te val op ideologiese sekerhede en Afrikaner-nostalgie, het die NP nie net die KP se propagandataktiek aansienlik vergemaklik nie, maar ook dié party se stempotensiaal versterk.[81]

Op hul beurt het die KP en HNP 'n propagandaveldtog geloods wat onbeskaamd die heersende blanke vreessindroom tot eie voordeel uitgebuit het. Terwyl die NP dit al hoe moeiliker gevind het om oop kaarte met die kiesers oor praktiese beleidskwessies te speel, het die regse partye, sonder vrees vir teëspraak, vergesogte waarborge vir onder meer gebiedskeiding, oftewel partisie, en selfbeskikking aan blankes verskaf.[82] Die regse appèl, gebou op Afrikaner-sentimente, was in alle opsigte gerig op die hart van die Afrikaners en ander blanke kiesers ten einde hulle etnies te mobiliseer teen die gevare wat die Afrikanerdom en blankes onder 'n NP-regering bedreig het. Deur die oorsake van blankes, veral die werkersklas en boeregemeenskap, se vrese aan die groot klok te hang, kon die KP en HNP sonder moeite hul beleidsopsies aan die kiesers verkoop.[83] Dit was veral die vrees om "uitgestoot en vervang te word"[84] en "eksistensieel bedreig te word"[85] wat hier gegeld het.

Tydens die verkiesingsveldtog het veral verkiesingsplakkate 'n belangrike funksie as propaganda-instrument vir die regses vervul. Politieke plakkate word beskou as openbarings van politieke partye se fantasieë en die regse temas wat veral sterk in die 1987-verkiesing gefigureer het, was "Ons land Suid-Afrika", "Die toekoms" en "Die bedreiging". In beide die HNP en KP se veldtogte was veral laasgenoemde tema oorheersend, maar daar was 'n verskil in die twee partye se interpretasie van die "bedreiging". Terwyl die HNP gewys het op die gevaar van rassevermenging deur die gebruik van die slagspreuk "Bly blank my volk", het die KP gefokus op sy beleid van partisie, dit wil sê skeiding van die onderskeie rassegroepe. Met die slagspreuk "Elke volk sy eie" het die KP sy beleid as 'n rasionele staatkundige oplossing aan

80 PG Marais, *NP-beleid  die feite! – verkiesing 6 Mei* (pamflet, Kaapstad, *s.a.*), pp. 12-14.

81 H Zille, "The right wing in South African politics" in Berger en Godsell (reds.), p. 56; WP Esterhuyse, "The 1987 election: a retreat into the laager?" in Van Vuuren *et al.* (reds.), p. 336; WH Strong, *Die algemene verkiesings van 1987 en 1989 en die politieke gebeure daartussen* (M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993), pp. 36-40, 53-55, 82-83; Giliomee, p. 627; Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

82 AS Beyers, *Verkiesing 6 Mei 1987  kiesafdeling Waterkloof* (pamflet, Pretoria, *s.a.*), p. 1.

83 Onderhoud: PJ Hugo, Pretoria, 27 November 1991; AS Beyers, *Die KP gaan veg vir u regte* (pamflet, Pretoria, *s.a.*), pp. 1-4; JA Theron, *Uitverkoping!* (pamflet, Pretoria, *s.a.*), pp. 1-2; LJ van der Schyff, *Die NP se magsdeling  wat wag vir ons kinders?* (pamflet, Pretoria, 1987), pp. 1-2.

84 Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992.

85 *Ibid.*

blanke kiesers voorgehou en ook gewys op die lot van blankes in Zimbabwe, waar die gevreesde eenheidstaatgedagte geïmplementeer is.[86]

Na aanleiding van die bogenoemde kan daar geredeneer word dat regse verkiesingspropaganda nie net deur vrees gemotiveer is nie, maar terselfdertyd vrees as ’n onderliggende motief benut het. Volgens Van Jaarsveld het vrees in regse geledere, veral KP-geledere, oorgegaan van ’n faktor na ’n dryfkrag.[87] Hier het die “politiek van vrees” weer eens ’n rol gespeel deurdat vrees uitgebuit is ten einde politieke doelwitte te bereik. In hierdie geval was die doelwit die mobilisering van eendersdenkendes. Hierdie verskynsel hang ook nou saam met die mate waartoe die retoriese visie van “bedreiging” gefunksioneer het om eendersdenkendes saam te bind. Daarsonder het die bestaansrede van die meeste regse groepe in werklikheid verval. Vrees is dus deur regse propaganda ingespan om die grense van die ons-hulle-antitese duideliker te definieer en terselfdertyd binnegroepskohesie te versterk.[88]

Hoewel sowel die KP as die HNP daarin kon slaag om deur middel van hul propaganda regse vreesemosies tot die party se voordeel te benut, blyk dit uit ’n ontleding van die verkiesingsuitslae dat die KP dit steeds ten koste van die HNP gedoen het. Die feit dat die HNP sy enigste setel, naamlik Sasolburg, verloor het en die party gevolglik in ’n ernstige bestaanskrisis gedompel is, was nie net die gevolg van die HNP se krimpende steunbasis nie, maar ook die toenemende vervreemding tussen die leierskap en die kiesers. Hierteenoor het die KP ’n veel meer dinamiese beeld uitgestraal, wat tot ’n nuwe geslag konserwatiewe blankes gespreek het. Die KP het sy oorhoofse steun hoofsaaklik getrek uit die plattelandse en stedelike blanke werkers- en laer middelklasse, maar met groeiende steun in die Afrikaanssprekende middel- en hoër klasse. Dit was die laer en middelstrata van die staatsdienskorps, met inbegrip van die SAW en SAP, en veral die plattelandse boeregemeenskappe, wat die lewensaar van die KP begin vorm het. Geografies was die KP se grootste steun gesetel in die plattelandse gebiede van die OVS (Vrystaat) en Transvaal (Gauteng, Noordwes, Limpopo en Mpumalanga), maar die verkiesingsuitslag het getoon dat die party se steun onder die blanke stedelike werkersklas van die destydse PWV-gebied (Gauteng) toegeneem het.[89]

Hoewel die steun wat die KP by die NP en PFP afgeneem het, die hooftendens van die verkiesingspatroon was, behoort ook die steun wat die NP van die PFP weggetrek het, verreken te word as deel van die swaai na regs in die blanke politiek.

86 Adam en Moodley, p. 61; Hope, p. 223.

87 Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992.

88 DG Baker, “Race, power and white siege cultures”, *Social Dynamics* 1(2), Desember 1975, pp. 144-145. Sien ook H du Preez, “Drome, vrese: die mitologie van die plakkaat”, *De Kat* 5(2), Augustus 1988, pp. 55-56.

89 Onderhoud: AP Treurnicht, Pretoria, 13 Julie 1992; Onderhoud: FA van Jaarsveld, Pretoria, 23 Maart 1992; Ferreira, p. 197; Kotzé en Lourens, p. 368; Adam en Moodley, pp. 60, 62-64; S Johnson, “Right side of the law”, *New Statesman and Society* 3(89), 23 Februarie 1990, p. 10.

In dié opsig was dit veral daardie gematigde Engelssprekendes wat toenemend na die NP as 'n "hervormingsgesinde" party begin kyk het, wat die PFP vir laasgenoemde verruil het. Hoewel daar in die lig hiervan geredeneer kan word dat die gaping tussen die NP en die PFP gevolglik vernou het, en die gaping tussen laasgenoemdes en die KP verbreed het, het die gemiddelde ondersteuner van die genoemde drie partye uiteindelik min van mekaar verskil oor dit wat as die finale neerslag van hervorming gesien is. Soos vir die meer gematigde ondersteuners van die KP, was die gedagte aan 'n moontlike swart meerderheidsregering as die logiese uiteinde van hervorming vir die gemiddelde NP- en PFP-ondersteuners eweneens ondenkbaar. 'n Gedeelde vrees vir die gevolge van swart meerderheidsregering het inderdaad die drie grootste blanke politieke partye op ironiese wyse "verenig".[90]

Bogenoemde argument is van belang, aangesien die groeiende inwerking van die vreesfaktor sedert die middel van die tagtigerjare nie net die relatiwiteit van die veronderstelde verliberalisering van sekere segmente van die blanke politiek onderlê het nie, maar eweneens weerspieël is in die besondere verhouding tussen die NP as regerende party en die PFP en KP as opposisiepartye. Hierdie verhouding is gekenmerk deur 'n vreemde tweeslagtigheid, want terwyl sowel die KP as die PFP die NP verantwoordelik gehou het vir die heersende politieke onstabiliteit, het hulle hulself terselfdertyd gerusgestel in die wete dat die NP, in sy hoedanigheid as regerende party, 'n effektiewe front was wat die gevare wat die blanke se voortbestaan bedreig het, kon absorbeer. Met verwysing na die PFP-gesinde Engelssprekende blanke verklaar die skrywer, Christopher Hope: "There is much to suggest that if the White, English-speaking voter in this country finds anything more alarming than the prospect of yet another term of office for the Afrikaner Nationalist Government, it is not having them in office for another term."[91]

Hope se argument kan in sy geheel toegepas word op die teenstrydige liefde-haat-verhouding wat ook tussen die NP en veral gematigde regse blankes aan die ontwikkel was. Die groeiende bedreiging van buite was daarvoor verantwoordelik dat nie net regse blankes nie, maar ook blankes oor die breë politieke spektrum heen, hul geledere begin sluit het in die aangesig van hierdie bedreiging. Ten einde 'n gevoel van kwesbaarheid te oorkom, het 'n onderlinge eenheidsgevoel, 'n rasgebaseerde groepskohesie, in blanke geledere ontwikkel. In die proses het veral gematigde blankes onbewustelik saam met die regse blankes deel geword van 'n nuwe "laer" – 'n sielkundige skans teen die gevare wat hul bedreig het. Die verskynsel van verskansing het ook toenemend op fisiese vlak neerslag gevind. As gevolg van die verslegtende veiligheidstoestand van die laat tagtigerjare het 'n beveiligingsmanie in sowel minder gegoede as welvarende blanke woonbuurte posgevat. In die geval van veral regse Afrikaners verkry hierdie verskansingstendens besondere betekenis,

90 Hope, pp. 63,199; Manzo *et al*., p. 33; Strong, p. 83.
91 Hope, p. 199.

omdat hierdie neiging aan onder meer die Afrikaner se histories-gewortelde laer-mentaliteit toeskryf kan word.[92]

Die mate waartoe veral regse blankes hulself op sowel geestelike as fisiese terreine verskans het, is ’n betekenisvolle aanduiding van die mate waartoe vrees in die middel tot laat tagtigerjare van laasgenoemde besit geneem het. Regses se geestelike “laer-trek” was nie net in reaksie op ’n sigbare bedreiging nie, maar dikwels ook die gevolg van hul irrasionele vrese. Die gebeure in die swart politiek in die tydperk 1984 tot 1987 het nie net aan regse blankes se vrese gestalte gegee nie, maar ook hul persepsies van swartes gekleur. Vincent Crapanzano beskryf dit as persepsies waarin swartes “frightening, mythological proportions”[93] aanneem. Die belangrikheid van hierdie tipe persepsies is geleë in die feit dat dit nie net deels verantwoordelik was vir die toenemende verskansing in regse geledere nie, maar ook die mate waartoe verskansing ná 1987 ook vervreemding tussen laasgenoemde en die swart meerderheid in die hand sou werk.[94]

## 6. SLOTPERSPEKTIEF

Die tagtigerjare staan in die teken van ’n grondverskuiwing in die Suid-Afrikaanse politiek. Dit was ’n dekade waartydens die regse politiek inderdaad tot wasdom gekom het. Sedert 1969 met die stigting van die HNP, maar veral sedert 1982 toe die KP gestig is, het die regse politiek gegroei tot ’n krag waarmee die NP rekening moes hou. Die KP se voedingsbron was grotendeels ontnugterde NP-ondersteuners wat onder meer uit protes teen die 1983-grondwet die NP verlaat het. Die eens monolitiese NP is in 1987 tot in sy fondamente geskud toe die KP die amptelike opposisie geword het en daarmee aan die regses ’n parlementêre magsbasis besorg het. Die regse blanke se stem het ’n faktor geword waarmee die meer verligte blanke partye rekening moes hou. Ten grondslag van hierdie dramatiese gebeure in die blanke politiek was blankes se groeiende vrees en onsekerheid rakende gebeure en verwikkelinge in die swart politiek, maar dit was veral die opkoms en groei van die ANC as versetbeweging, bevrydingsbeweging en mobiliseerder van die swart massas wat ’n indruk in daardie geledere gemaak het.

Die genoemde tendens het ongetwyfeld ’n uitwerking gehad op die ontwikkeling van nie net die “regse lyn” nie, maar daarmee saam ook die “vreeslyn” in die blanke politiek. Die “politiek van vrees”, en spesifiek die uitbuiting van blanke vrese vir

---

92 Louw [geen paginering]; Venter, p. 19; Blumenfeld, p. 62; C van der Lugt *et al* , *Worlds of difference the political attitudes of white students in South Africa* (IDASA-verslag, Kaapstad, 1990), p. 2; Du Bruyn en Wessels, “Op weg na…”, p. 68.

93 Crapanzano soos aangehaal in Burger, p. 24.

94 Van Rooyen, pp. 54-56; Hochschild, pp. 132,181-182; Hope, p. 96; Malan, p. 243; Moorcraft, pp. 406-407; Onderhoud: NJ Rhoodie, Pretoria, 15 Julie 1992. Sien ook V Crapanzano, *Waiting the whites of South Africa* (New York, 1986) vir ’n analise van die blanke vreespsigose.

politieke gewin, het veral tydens die verkiesing van 1987 ’n belangrike rol gespeel om wit kiesers na regs te dwing. Met behulp van effektiewe verkiesingspropaganda het veral die KP tot blanke kiesers se vreesemosies gespreek. In die aangesig van ’n groeiende swart bedreiging – ’n bedreiging wat deels werklik en deels vermeend was – het nie net NP-ondersteuners nie, maar ook PFP-ondersteuners koue voete gekry en hul tot die KP gewend. Die “politiek van vrees” was uiteraard nie tot die regses beperk nie en ook die NP het dit benut deur ’n “negatiewe vrees” in ’n “positiewe vrees” te omskep. Hierdie tendens was veral waarneembaar in die “totale aanslag”-dogma wat sedert die vroeë tagtigerjare deel van die regerende party se propaganda geword het. Die NP het vrees misbruik deur die ANC en ander swart versetbewegings in die oë van blankes te demoniseer.

In retrospeksie lyk dit dus of vrees ’n rol by alle blankes gespeel het, maar dit was die sterkste waarneembaar by die regses. Die argumente wat veral Treurnicht en Marais sedert 1983 gebruik het om blankes tot die regse saak oor te haal, dui op ’n kombinasie van identiteitstipe, ekonomiese, sekuriteits- en oorlewingsvrese. Dit was ’n veelvlakkige vrees wat nie net die meer tipiese en tradisioneel “regse vrese” soos die verlies aan voorregte, besittings en kulturele identiteit ingesluit het nie, maar verder sou gaan om ook persepsies van geweld en bloedvergieting te omvat. Hierdie tipe vrese is veral geïntensifiseer deur die swart onluste wat die land sedert 1984 sou teister. Vrese wat verband gehou het met die fisiese oorlewing van blankes te midde van ’n swart oormag het opnuut na die oppervlak gekom.

Die karakter en manifestering van regse blanke vrese in die tagtigerjare is grootliks gevorm en beïnvloed deur die verwikkelde politieke dinamika van die tydperk. Die verregsing in die blanke politiek is versnel deur die toenemende swart militantheid en terselfdertyd was swart radikalisme weer ’n reaksie op onder meer groeiende regse sentiment. Dit was hierdie aksie-reaksie-dinamika wat veral in die middel van die tagtigerjare die “politiek van vrees” en veral die “politiek van regse vrees” onderlê het. Die bykomende inwerking van eksterne buitelandse druk en veroordeling moet ook nie buite rekening gelaat word nie. Daar kan gevolglik aangevoer word dat die gekombineerde uitwerking van interne opstand en eksterne druk kumulatief-versterkend op veral die regse politieke houding ingewerk het.

Ten slotte is dit duidelik dat die groeiende steun vir die regse politiek in die tydperk 1982 tot 1987 nou saamhang met vreesgedrewe politieke gedrag. Blankes se vrees vir die gewaande gevolge van swart meerderheidsregering het nie net bestaande politieke houdings onder druk geplaas nie, maar het ook daartoe gelei dat vrees, meer as ooit tevore, ’n politieke faktor – en in sommige gevalle ’n dryfkrag – geword het.